04
LYDENSTYD
Jaargang 24 | 6 Maart 2026

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER



NG Kerk
Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Suzanne van der Merwe | Mariëtte Odendaal - Ben Joubert | Mariëtte Odendaal - Wentzel Coetzer | Enrico Casaleggio | Andries Gous
Stéphan van der Watt | Elmarie Els-Hammann, En Leon M Foot | Heléne Meissenheimer | *CLF Kerkbode* | *Bybel-Media* | *Engo* Vrystaat
*Bybelgenootskap SA*

## LYDENSTYD

Lydenstyd is 'n 40-dae voorbereidingstydperk (sedert Aswoensdag) voor Paasfees wat fokus op bepeinsing, bekering en vas. Dit herdenk Jesus se lyding en 40 dae in die woestyn, en dien as 'n tyd van geestelike groei, hertoewyding en diepgaande introspeksie voor die viering van die opstanding. Dit is 'n tyd van stilte en afsondering wat gelowiges help om die vreugde van Paasfees meer intens te ervaar. Die sentrale simbool is die kruis, dikwels vergesel van 'n doringkroon of spykers. Pers of wynrooi is die tradisionele kleure wat dui op Christus se bloed en lyding. Daar word gefokus op die lyding van Jesus en die betekenis van die kruisiging as 'n daad van liefde.

## DAGBOEK DÍT

**Terminaal siek en sterwend**
*Versorging en Pastoraat* | GRATIS
**Woensdag 18 Maart 2026,**
**09:00 - 11:30, Engo-saal**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* sal op **Vrydag 20 Maart** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

**BEDIENINGSBEGELEIDING** | VBO Netwerk
**Suzanne van der Merwe** | *Kroniese Kronieke - dit is toe wel als in die naam*

## ARTIKELS 05

05 | **BEDIENINGSBEGELEIDING** | VBO Netwerk
**Mariëtte Odendaal** | *Die hantering van trauma*

06 | **BEDIENINGSBEGELEIDING** | VBO Netwerk
**Mariëtte Odendaal** | *Die invloed van 'n moeder op haar nageslag*

08 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Islam
**Enrico Casaleggio** | *Die verskil tussen die God van die Bybel en Allah | Nr 3 - Die verskil in die openbaring*

09 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

11 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Missie Japan
**Stéphan van der Watt** | *Nuusflits: Lydenstyd in Japan*

14 | **ALGEMEEN** | Engo-mediaverklarings
**Elmarie Els-Hammann** | *Weerbaarheid by kinders - 'n Sleutelfaktor in gesonde ontwikkeling; Gemeenskaps-verantwoordelikheid en vroeë ondersteuning*

## MEDIATEEK 16

**Leon M Foot** | *Kom lees 'n boek:*

*Winfield Bevens*
***Ever ancient ever new***

*Rob Bell*
***Love wins***

*George Barna & David Kinnaman*
***Chruchless***

## VERJAARSDAE 17

## EKOLOGIE 18

**Mariëtte Odendaal** | *Mors minder kos*
*9 - 15 Maart*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 19

**19** | 96ste Wêreldbiddag vir Vroue
**21** | CLF - Pinksterreeks 2026
**22** | Advertensies

## OPLEIDING 24

## KERKBODE BROKKIES 25
## PUBLIKASIES 26

## WAT'S NUUS? 28
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 29

**Heléne Meissenheimer** | *My bekering tot genade*

## KONTAK ONS 30



KRONIESE KRONIEKE

# Kroniese Kronieke

## *Dit is toe wel als in die naam*

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
*Dr Suzanne van der Merwe*

*"Die navorsing van **Kroniese Kronieke** werp lig op die ander kant van die spektrum, naamlik van siekte, siekwees en die ervaring daarvan as daaglikse werklikheid. Vir baie mense is dit 'n pynlike realiteit – liggaamlik, psigies en geestelik – om deur die trauma van 'n kroniese siekte te worstel."*

***Dr Suzanne van der Merwe***
*Besigheidshoof en Woordvoerder: Kroniese Kronieke*

Baie mense ervaar gesondheid as vanselfsprekend – alhoewel die moontlikheid van akute siektes soos verkoue en griep (of meer ingrypende siektes) nie vermy kan word nie.

*Jou reis met **kroniese siekte** is ons prioriteit*

Dit is egter vir baie mense nie nodig om te leef vanuit 'n raamwerk van siekwees nie; gesondwees en gesondheid word meestal as eerste ervaring en vertrekpunt beleef. 'n Vinnige kyk na die statistiek van die World Health Organization (**WHO**) vertel ook 'n ander verhaal, naamlik dat kroniese siektes miljoene mense raak en ook tot die dood kan lei.

Om met siekte en siekwees as daaglikse medereisiger op weg te wees, is dikwels 'n intense stryd en vereis besondere selfbestuur en selfsorg van die kroniese lyer.

**Lees** meer »

*Narratief-pastorale verdieping deur poëtiese analise*

KRONIESE KRONIEKE

## Kopskuif vir pastors

# HOSPITAALBESOEK VAN KRONIESE SIEK PERSONE

10 VBO-PUNTE

*Twee aanlyn-sessies*

19:00 – 21:00
**24 MRT**

+


19:00 – 21:00
**5 MEI**

Is die hospitaalbed van 'n kroniese siek persoon vir jou as pastor 'n plek van onsekerheid en selfs spanning? Voel die gang na die hospitaalkamer langer as wat dit werklik is? Worstel jy ook dikwels met vrae soos: ***Wat moet ek sê? Watter Skrifwoord moet ek bring? Hoe bid 'n mens hier reg?***

**R350** vir 'n **elektroniese weergawe** van *Lamentoso óf* **R450** vir 'n **harde kopie** wat gekoerier word



**ME MATILDA**
Swanepoel



**DR SUZANNE**
van der Merwe



**DR THEO**
Kleynhans

**SESSIE 1**
*Die dinamika van die stem en die stoel in die hospitaalkamer*

**SESSIE 2**
*'n Perspektief op 'n hospitaal-ervaring deur 'n kroniese siek persoon: Kliniese wit*

**REGISTREER** teen 23 Maart

+27 (0)63 478 5988
dr.suzannevdm@gmail.com
www.kroniesekroniekeonline.com

NG Kerk Vrystaat

KleynVDM
PUBLISHING | CONTENT CREATION | WELLNESS DEVELOPMENT

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
*Mariëtte Odendaal*



> *"Lidmate moet weet dat enige trauma 'n begin en 'n einde het – dat dit hulle baie sal baat om deur 'n proses begelei te word om die trauma te verwerk en dat daar beslis hóóp is deur middel van die regte keuses en jou geloof in God."*
>
> **Dr Ben Joubert**
> Pastorale traumabegeleier

# Die hantering van *trauma*

As kinders het ons dikwels die Hallelujaliedjie "As die lewenstorme woedend om jou slaan en jy, gans ontmoedig, vrees om te vergaan ..." gesing. As predikant, en natuurlik ook in ander beroepe soos in die onderwys, moet jy dikwels mense begelei wat deur 'n traumatiese gebeurtenis getref is en worstel met die gevolge daarvan.

Hoe hanteer jy byvoorbeeld 'n paartjie wat 'n kind deur die dood verloor het, of wat deur 'n egskeiding gaan? Hoe help jy 'n jongmens om weer op te staan en aan te gaan met die lewe ná 'n verwoestende ervaring?

Om meer daaroor uit te vind het ons met dr Ben Joubert, pastorale traumabegeleier, gesels. Hy het op 16 Februarie 'n aanbieding oor hierdie onderwerp gelewer.

**Ben, vertel eers vir ons iets van jouself; waar jy gebore is, grootgeword het, opgelei is en waar jy al oral predikant was.**

"Ek is in 1959 in Welkom gebore waar ek grootgeword en my hoërskoolloopbaan in 1976 aan die Welkom-Gimnasium Sekondêre Skool voltooi het. Daarna het ek my twee jaar weermagdiensplig in Bloemfontein by 1 SA Infanterie-bataljon gedoen, waarna ek vir 'n jaar op die myne gewerk het.

"Ek voltooi my BTh-studies in 1986 aan die Universiteit van die Vrystaat en neem 'n beroep aan na die NG Gemeente Riebeeckstad in 1987, waar ek tot my aftrede in 2020 gedien het.

**Lees** meer »

*Mariëtte Odendaal*

# Die invloed van 'n moeder op haar nageslag

> *"Hier gaan dit oor die pyn en onverwerkte trauma wat volgens navorsing outomaties oorgedra word van 'n vorige na 'n volgende geslag. Generatiewe pakkies van pyn word dus van geslag na geslag oorgedra indien die verwonde ouers nie die toerusting ontvang het om hul trauma mee te verwerk nie."*



*Prof Wentzel Coetzer*

Wanneer 'n baba gebore word, het die ouers van die kind alreeds nege maande agter die rug van afwagting en voorbereiding op die koms van hul baba. Die fisieke en emosionele band wat veral 'n ma in dié tyd alreeds met die kind gevorm het, duur daarna nog vir maande (selfs jare) voort met die voeding en verdere versorging waarvan die pa natuurlik ook deel kan wees.

As normaalweg die primêre versorger van 'n baba, het die ma 'n sterk bepalende en veelvlakkige invloed op haar kind, wat selfs in die volgende generasies neerslag kan vind.

Om meer hieroor uit te vind, het ons met prof Wentzel Coetzer, professor aan die Noordwes-Universiteit van Potchefstroom by die Fakulteit Teologie, Departement Praktiese Teologie, asook pastorale konsultant en skrywer, gaan gesels. Hy het op 10 Februarie 'n pastorale beradingskursus via Zoom aan ons predikante aangebied oor die invloed van 'n ma op haar toekomstige generasies.

**Wentzel, hoe het dit gebeur dat jy in hierdie onderwerp begin belangstel het en hoe het dit aanleiding tot die skryf van jou talle boeke gelei; dit wat die grondslag van jou Zoom-kursus was?**

"Die tema van innerlike genesing en emosionele verwonding interesseer my al jare lank omdat dit so 'n wye veld dek. Hoe meer jy daarop ingaan, hoe meer ontdek jy en kring hierdie studieveld uit.

"Ek het aanvanklik 'n boek gepubliseer, naamlik *Emosionele bagasie – emosionele genesing van die pyn van die verlede* waarin 'n hele klompie relevante aspekte behandel word en mettertyd bly groei het. Dit beklemtoon onder andere die rol van beide die ma en pa in die emosionele en sosiale vorming van 'n kind.

"Daarna het ek nog 'n boek, *Emosioneel verwonde pa's – Heling aan kinders wat worstel met pa-wonde*, gepubliseer. Hier het ek redelik diep ingegaan op pa's wat emosioneel verwond geraak het en met trauma worstel wat nooit hanteer is nie. In hierdie boek word daar gekyk na die impak wat sulke onverwerkte pyn reeds op pa's as kinders gehad het.

"Aan die einde van elkeen van hierdie twee boeke verskyn 'n uitgebreide werksdokument wat deurgewerk kan word met iemand wat worstel met ma- of pa-wonde.

**Lees** meer »

# Ons soek jou stem



# IDEE ATELJEE

Neem 'n inspirerende, kort toespraak op en staan 'n kans om dit by die Predikante Saamkoms in Augustus te deel.

**Kom deel jou idees**

Lees hier

## PREDIKANTE SAAMKOMS

SAAM **BID** | SAAM **VIER** | SAAM **KUIER** | SAAM GROEI

# ISLAM

## Die verskil tussen die God van die Bybel en Allah | Nr 3

### *Die verskil in die openbaring*

As ons hier kyk na die verskil in openbaring van die God van die Bybel en Allah, dan kyk ons nie in die eerste plek na die openbarings in onderskeidelik die Bybel en die Koran nie, maar na die aard van die God/god wat daarin geopenbaar word. Buitebybelse godsdienste het almal een saak gemeen: ek moet self my saligheid verdien. My hele lewe wentel om die vraag: Hoe kan ek my god/gode tevrede stel? Hoe kan ek hulle beïndruk? Wat kan ek doen om in hulle goeie boekies te kom en daar te bly? Dit gaan om 'n voortdurende poging om *op te klim na god*.

Hindoeïsme is 'n voorbeeld van 'n buitebybelse godsdiens wat hierdie punt illustreer. Lochhaas[1] vat die godsdienstige uitkyk van die Hindoe in 'n paar sinne saam as hy sê: "*Reincarnation* and *Karma* govern his life. The inevitable results of each individual's actions are added up during his lifetime, and, after death, are visited upon him in the shape his next incarnation takes. Sooner or later everyone works himself, through successive incarnations, into the Brahmin caste, ...".

Hindoeïsme is onder andere 'n godsdiens waar ek voortdurend die miljoene gode tevrede moet hou; 'n godsdiens van selfpyniging. Dit illustreer die punt dat volgelinge van ander gelowe daarop ingestel is om self hulle heil uit te werk. Hulle lewens word oorheers deur die refrein: "Ek moet ..., ek moet ... !". Dit gaan oor die mens wat poog om op te klim na god.

[1] *Lochhaas, P. H. 1979. **How to respond to the eastern religions**. Concordia Publishing House: Missouri.*

[2] *Metz, W. 1989. **Die verligte een: Boeddhisme**. In: Godsdienste van die wêreld: Struik Christelike Boeke: Kaapstad.*

*'n Reeks Islam-artikels. Hierdie artikel handel hoofsaaklik oor die verskil tussen die God van die Bybel en Allah: Die verskil in die openbaring.*

Wat die Boeddhisme betref, kan kortliks gesê word dat daar vir hulle 'n "Agtvoudige Pad" is wat gevolg moet word om Nirvana te bereik[2]. Hierdie Agtvoudige Pad is in wese met drie dinge gemoeid, naamlik met moraliteit (regte spraak, regte aksie, regte beroep); met geestelike dissipline (regte inspanning, regte opmerksaamheid, regte kalmte); en met insig (regte kennis, regte houding).

Vir die Moslems is dit noodsaaklik om die vyf pilare van Islam getrou te onderhou. Die eerste pilaar is die pilaar van geloof wat in kort ook die uitspreek van hulle geloofsbelydenis behels. Daarin word bely dat Allah die enigste god en Mohammed sy enigste profeet is. Die tweede pilaar is dié van gebed wat onder andere met rituele wassinge gepaard gaan. Derdens is daar die pilaar van liefdadigheid. Dit bestaan uit aalmoese wat aan armes en siekes gegee word. Hulle sien dit selfs as 'n lening aan god. Vierdens is daar die Ramadan, die maand per jaar wat hulle moet vas. Laastens moet elke manlike Moslem wat gesond is en wat finansieel daartoe in staat is, ten minste een maal in sy lewe 'n pelgrimstog na Mekka onderneem.

As jy die ewige saligheid wil beërwe, moet jy meer goeie as slegte dinge in jou lewe doen. As jy voor Allah verskyn, sal al jou goeie en jou slegte dade op 'n skaal geplaas word en die dade wat die swaarste weeg sal jou ewige lot bepaal. In die Koran, hoofstuk 7:8,9 staan daar: "The balance that day will be true (to a nicety): Those whose scale (of good) will be heavy, will prosper: Those whose scale will be light, will find their souls in perdition, for that they wrongfully treated Our Signs" (The holy Quran, 1946:342).

**Lees** meer »






# DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

## Liewe vriende van DEGNOS

### Rentmeesterskap as nuwe bedieningsrigting by DEGNOS

Sedert verlede jaar het 'n belangrike vraag diep in ons harte geleef: Hoe leer ons Bybelse wysheid op 'n opbouende, lewensveranderende manier aan mense sonder 'n Christelike agtergrond?

Ons beleef dat die Here vir ons 'n praktiese en tydige antwoord gegee het deur 'n rentmeesterskap-model wat deur Dawie van Vuuren van Veritas met ons gedeel is. Hierdie model is intussen in al die fasette van ons bediening toegepas en begin reeds duidelike vrug dra.

Die eerste beginsel wat ons geïmplementeer het, is eenvoudig maar diepgaande: "**Moenie skade doen nie; wees 'n seën**." Ons ankervers, 1 Korintiërs 13:5 – "Die liefde soek nie sy eie belang nie" – het rigting en fokus gebring in ons denke en optrede. Ons sien hoe hierdie ingesteldheid verhoudinge herstel, gemeenskappe versterk en nuwe perspektiewe oopmaak.

Ons nooi voorbidders om steeds saam met ons te bid dat hierdie rentmeesterskap-lering duidelik en volhoubaar in die bediening gevestig sal bly.

### Geseënde uitreik na Hentiesbaai

Ons is dankbaar vir 'n veilige en besonder geseënde uitreik na Hentiesbaai. Die gasvryheid en ondersteuning van die plaaslike gemeente en gemeenskap het diep indruk gemaak.

Vir baie van die koorlede was dit hul eerste ontmoeting met die see. Een het opgewonde uitgeroep: "Nou verstaan ek wat die Bybel bedoel – God het die land en die water geskei!" Dit was 'n kosbare oomblik van verwondering oor God se skepping. Met ons terugkeer na Grootfontein het die bus onklaar geraak. Hoewel dit spanning veroorsaak het, is dit laat die aand herstel (met groot dank aan Ferdie), en die Omatako-koor kon veilig verder reis.

**Lees** meer »

# #imagine

## 28-30 March 2026

# called + sent

MATTHEW 4:19



**Freestate**

**Bothaville - Nampo Park**

**R780 (Transport excluded)**

**Teenagers 13-18 years**

mission ミッション missie JAPAN

VENNOTE IN GETUIENIS
Missie Japan
*Dr Stéphan van der Watt*

# Nuusflits

## *Lydenstyd in Japan*

Teen dié tyd van die jaar in Japan voel ek soms die winter-kaalheid en koue fronte kan gerus nou end kry. Maar daar lê gewoonlik nog heelwat bibberweer voor die deur. Dan moet ek myself staal. Gelukkig is dit ook net mooi dan wanneer die Wintersoet (ook bekend as Wax Plum in Engels, Rōbai in Japannees = 蝋梅) helder blom in die snerpende koue.

Asof die opstandings-Lig rééds deur die krake van Lydenstyd inskyn in Japan ... Vanjaar weer, in die parkeerterrein teen ons huis, het die Wintersoetboom teen einde Januarie nie teleurgestel nie. Saam met nagtegaal se eerste spitsvondige gesang ná 'n lang winterstilte, sien en hoor ons nou die vroeë tekens van lente oral om ons. Wat 'n vreugde!

### Lydenstyd en iets van alles in die bediening

Dis ook tekenend van wat ons beleef het in die wel en wee van bedieninge in die kerk in Japan die afgelope tyd. Daar's te veel om hier te deel, maar kom ek vertel net van enkele ervaringe. Einde Januarie is ek onverwags gevra om te preek by 'n sukkelende gemeente waar die leraar op siekverlof is met geestesgesondheidsprobleme. Grepies uit die erediens, met slegs sewe bywoners daardie Sondag, bly inge-ets in my hart: die leraar se vrou se slotgebed te midde van haar moedige hartseer, die ywerige opgewondenheid van 'n tienermeisie wat vir die eerste keer ooit in 'n erediens was, die dankbaarheid van 'n bejaarde vrou wat twee dekades laas 'n Bybelboodskap saam met haar geloofsfamilie gehoor het.

**Lees** meer »

***Foto:*** *verskaf*



# Position: Full time Missionaries to Japan

## Advertisement

Mission Japan (a joint Committee of the DRC Family and the Reformed Churches in SA) in collaboration with the Christian Reformed Church of Japan are hereby announcing that an official process is launched for the recruitment and calling (by Mission Japan) of a missionary couple(s) to work with the RCJ Shikoku Presbytery in Japan.

We hereby invite couples, not older than 35 years of age, to apply for this position. The applicants should have a vision, strong calling and commitment to world missions in general and specifically to Japan (where less than 1% of the population identify as Christian including Protestant and Catholic groups).

The suitable candidates will:

1. Be members of the DRC Family of churches or the Reformed Churches of SA;
2. Be in possession of a bachelor's degree in theology (B.Th. or B.Div. or M.Th. or M.Div.) or in their final years of studies;
3. Have a clear understanding of, and commitment to, Reformed Theology and the Reformed Presbyterian system of church governance;
4. Be Legitimized / Licensed ("gelegitimeer") within one of the DRC Family of churches or the Reformed Churches of SA;
5. Have proficiency in English (any TEFL qualifications or training will count in your favour).

The recruitment committee will review candidates that have:

1. A clear understanding, personal experience of and commitment to Jesus Christ as Lord and Saviour;
2. A Biblical and deep inner experience of being called by God into full-time cross-cultural missions in general (and specifically Japan);
3. Experience in, understanding of and a commitment to cross-cultural ministry and living in cross-cultural settings;

Our process:

We request that interested parties consider this opportunity prayerfully and, upon confirmation of the Lord, send an email to applymissionjapan@gmail.com showing their interest. A more detailed description of requirements and an application form will then be sent to interested parties. Applications will be received together with the requested documents and be reviewed by the recruitment committee. This committee consists of a South African team and a Japanese team.

*For more information regarding Mission Japan, click on the following link to our website: https://missionjapan.co.za*

Important:

1. All correspondence has to be in English. This includes the required documents such as copies of academic records etc.;
2. This is not a paid missionary position. Candidates will be required to raise support which is then managed by Mission Japan;
3. Ordained ministers become ordained missionaries / ministers in the Reformed Church of Japan;
4. This position requires that candidates learn to become fully proficient in Japanese. This is NOT an English ministry position.

GRATIS

NG Kerk Vrystaat

# TERMINAAL SIEK EN STERWEND

## *Versorging en Pastoraat*




Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**

Skakel aanlyn in

tinyurl.com/yk4j2bwp

*Twee sprekers*

| | | |
|---|---|---|
| WOENSDAG **18 MAART** | **09:00** tot **11:30** | **ENGO-SAAL** VRYSTAAT |

**Hanneke Lubbe** | **09:00** Die versorging van persone in hul sterwensproses.

**Stefan Malan** | **10:30** Pastoraat aan terminaal-siek persone en hul familie.

**082 783 0730**

**WhatsApp "JA"**
om te **RSVP** voor **13 MAART**

Engo-mediaverklaring Vrystaat
*Deur Elmarie Els-Hammann*

# Weerbaarheid by kinders



## 'n Sleutelfaktor in gesonde ontwikkeling

Weerbaarheid, of "resilience", verwys na 'n kind se vermoë om uitdagings, spanning en selfs traumatiese ervarings te hanteer sonder dat dit hul langtermynontwikkeling permanent benadeel. Dit beteken nie dat kinders nie swaarkry beleef nie – maar dat hulle oor beskermende faktore beskik wat hulle help om aan te pas, te herstel en verder te ontwikkel.

Volgens **UNICEF** is die belangrikste beskermingsfaktor in 'n kind se lewe 'n stabiele verhouding met ten minste één betroubare en ondersteunende volwassene. Hierdie verhouding bou emosionele sekuriteit, wat weer die grondslag vorm vir gesonde breinontwikkeling, emosionele regulering en selfvertroue.

Navorsing in kinderontwikkeling wys daarop dat kinders se breine besonder sensitief is vir hul omgewing.

Chroniese stres, konflik of onsekerheid kan ontwikkeling negatief beïnvloed. Daarteenoor kan konsekwente ondersteuning, voorspelbaarheid en positiewe bevestiging die brein se vermoë versterk om nuwe vaardighede aan te leer en uitdagings te hanteer.

Belangrike boustene van weerbaarheid sluit in:


1. **Emosionele veiligheid**

Kinders moet voel hulle emosies word erken en aanvaar. Wanneer 'n kind leer om gevoelens te benoem en veilig uit te druk, verbeter hul selfbeheer en konflikhantering.

2. **Duidelike grense en roetine**

Voorspelbaarheid skep veiligheid. Gereelde roetines help kinders om stabiliteit te ervaar, veral in onsekere omstandighede.

**Lees** meer »


MALACHI
PIETER VAN JAARSVELD
MALEAGI
'n Bybelstudiehandleiding oor die boek Maleagi


PRO
KURIO
ProKurio
Katalogus
ProKurio Boekwinkel vir Gemeentebou

# KOM, LEES 'N BOEK




Oorgeneem uit © 1996-2026, Amazon.com

## Winfield Bevens
## *Ever ancient ever new*

Artikels, opnames en nuusberigte betreur al jare lank die bestendige stroom jongmense wat die kerk in Noord-Amerika verlaat. Terwyl sommige egter vertrek, kies ander om binne die Christendom te bly en ander uitdrukkings van hul evangeliese geloof te verken. Hulle herontdek die skoonheid van 'n geloof wat ewig oud, maar tog ewig nuut is. *Ever ancient ever new* belig die groei van hierdie diverse beweging en ondersoek die bekoring van 'n liturgie wat deurdrenk is met historiese Christelike praktyke en gewortel is in geloofsbelydenis-teologie, en stel ons bekend aan verskeie kerke en gemeenskappe wat hierdie "konvergensie" van oud en nuut bevorder.

## Rob Bell
## *Love wins*

God het ons lief. Hier is hoe die tradisionele storie gaan ... God bied ons die ewige lewe uit genade, gratis, sonder geen verdienste van ons kant nie. Tensy jy nie op die regte manier reageer nie. Dan sal God jou vir altyd martel. In die hel. Wat? Die skrywer, pastor en innoverende leermeester Rob Bell bied 'n diep Bybelse visie vir die herontdekking van 'n ryker, groter, meer outentieke en meer geestelik bevredigende manier om die hemel, hel, God, Jesus, verlossing en bekering te verstaan. Die resultaat is die ontdekking dat die 'goeie nuus' baie, baie, baie beter is as wat ons ooit gedink het.

## George Barna & David Kinnaman
## *Chruchless*

Kerklose mense is oral om ons: onder ons naaste geliefdes, by ons werkplekke, in ons woonbuurte. En toenemend word hulle die norm. Die aantal kerklose volwassenes in die Verenigde State het met byna 'n derde in die afgelope dekade gegroei.

Tog is die verrassende waarheid dat baie kerklose mense beweer dat hulle op soek is na 'n ware, kragtige ontmoeting met God – maar hulle vind dit net nie in die kerk nie. Wat mis hulle (of ons)? Hoe kan ons hulle beter bereik? Wat kan ons sê of doen wat hulle sal inspireer om by 'n geloofsgemeenskap aan te sluit? *Churchless* bied die verrassende tendense aan wat onthul is deur twee dekades van Barna Groep onderhoude met duisende kerklose mans en vroue, en bied 'n skerpsinnige ontleding van die resultate van topverkoper-outeurs George Barna (*Revolution*) en David Kinnaman (*You Lost Me*).

BEDIENINGSBEGELEIDING
Mediateek
*Dr Leon M Foot*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

# VERJAARSDAE

# VEELS
## GELUK



ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

**MAART**

- **08** Ds Deseré de Beer – HOOPSTAD
- **09** Ds Ettienne Engelbrecht – HEUWELSIG
- **11** Ds Lood Oliver – WELKOM-NOORD
- **12** Dr Danie Kleynhans – LADYBRAND
- **16** Ds Gerhard Meyer – LANGENHOVENPARK
- **18** Ds Marius Barnard – KROONSTAD-OOS
- **20** Ds Frans du Toit – HOOPSTAD

*- Lekker verjaar -*



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

# Mors minder kos

## 9 - 15 Maart

### Gooi jy maklik oorskietkos weg en maak nie ’n plan om kos wat oorbly op ’n kreatiewe manier op te dis nie?

### Lees dan gerus verder.

Daar word al sedert 2007 jaarliks in Maart wêreldwyd gefokus op 'n belangrike, maar dikwels onsigbare klimaatsveranderingskwessie, naamlik die vermorsing van voedsel.

Vanaf **9 tot 15 Maart vind die Week van Aksie teen die Vermorsing van Voedsel** (**Food Waste Action Week**) plaas; ’n inisiatief wat al sedert 2007 deur **Love Food Hate Waste** via die internasionale klimaataksie-liefdadigheidsorganisasie, **WRAP** geloods word. Hulle pak hierdie week aan in samewerking met nasionale en plaaslike regerings, gemeenskapsgroepe, NRO's en handelsmerke regoor die wêreld. Dié week inspireer eenvoudige, praktiese wenke wat help om kos langer te laat hou. Dit bespaar geld, tyd en stres, terwyl die planeet beskerm word.

**Lees** meer »

## 96ste Wêreldbiddag vir Vroue

2026 se tema: 'Kom, Ek sal jou rus gee'. Die program is saamgestel deur vroue van Nigerië.

Wêreldbiddag vir Vroue word vanjaar op 6 Maart 2026 gehou. Die Wêreldbiddag vir Vroue is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en -kinders van verskillende lande wat elke jaar op die eerste Vrydag in Maart vergader om 'n besondere dag van gebed te vier. Tydens die Wêreldbiddag vergader gelowiges van verskillende rasse, kulture en kerke, om saam te bid, ons voor God te verootmoedig en vir mekaar in te tree.



**Lees** meer »

Internasionaal word die Wêreldbiddag reeds vanaf 1887 gevier. Die dag word tans in meer as 170 lande op al 7 kontinente gehou. In Suid-Afrika is dit die 96ste jaar wat ons deel is hiervan. Die program word in nege van die amptelike tale vertaal.








# Wêreldbiddag vir *Vroue*

NG Gemeente **Bainsvlei**

***Dagboek die datum***

*Kom en geniet die aand saam met ons!*

**6 Maart 2026 | 18:30**

***Sagte kollekte***

Navrae | Ethnè Naborn

Sel: 072 111 4296

Kerkkantoor: 051 451 1788



met

*Du Preez Schottz*

Gaskunstenaar

en


*Annelize Hamman*

Spreker

Kom terug na God

Bainsvlei

NG GEMEENTE





## **Pinksterreeks** 2026

*Ontwrig die verdeeldheid: 'n Pinksterreis na Eenheid, Heiligheid en 'n Nuwe Mensheid in Christus* is 'n kragtige seweledige preekreeks deur Phumlani Ngwenya en Mikal Barnes, gebaseer op hul komende boek wat deur CLF uitgegee word. Die reeks put diep uit die Suid-Afrikaanse verhaal en die Bybelse Pinkstergebeure om die Kerk uit te daag om weer die eenheid te leef waarvoor Jesus in Johannes 17 gebid het. Dit hou die Kerk 'n spieël voor - om haar eie verdeeldheid, trots en kulturele gevangenskap te erken - en bied terselfdertyd 'n padkaart vir 'n Gees-geleide reis na genesing en versoening. Met temas soos liefde as dryfkrag, heiligheid en nederigheid, waaksaamheid teen geestelike Trojanse perde, en Christus bo kultuur, roep hierdie reeks gelowiges en gemeentes op tot 'n "heilige ontwrigting" wat ware gemeenskap en transformasie bring. Die uiteindelike doel? Die vorming van 'n nuwe mensheid in Christus - 'n versoende volk wie se lewe die geloofwaardigheid van die evangelie aan 'n verdeelde wêreld toon.

Laai dit **hier** van CLF se Hulpbronsentrum af.








www.missio.org.za
Products
MISSIO



Kry jou
BM
www.bybelmedia.co.za


Wat is die hoogtepunte van jou jaar sover?
www.bybelmedia.co.za



KUIER BY:
DIE OOR-DIE-VAAL
MAART 2026


UPLIFT, DEFEND, TRANSFORM!
Engo
We appreciate you.


Samba
se Rolmodelle span neem deel
ONDERSTEUN


AKTIWITEITE VIR
BYBELS
Nou kan jy jou stokperdjie in 'n fondsinsameling vir Bybels omskep!
A4B
#AKTIWITEITE4BYBELS
bybelgenootskap van suid-afrika


SPAAR
TOT SOVEEL AS
50%
2 MAART – 30
DIE BYBEL
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika


Support the translation of
INDIGENOUS BIBLES
with deep linguistic roots
www.biblesociety.co.za

**Vrystaat Werkgemeenskap nooi u uit:**

# OP PAD NA 'N KLOOSTER IN DIE SNEEU

*Johannes de Villiers in paneelbepsreking met dr. Martin Laubscher, dr. Francois Smith en prof. Johann Rossouw*

## 26 Maart 2026 - 18:00

## NALN

**RSVP 23 Maart hoffmanl@ufs.ac.za**

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




**10 Februarie *opname***

2 VBO-punte

Islam vandag 1: Wat Christene regtig moet weet




**17 Februarie *opname***

2 VBO-punte

Islam vandag 2: Wat Christene regtig moet weet




**24 Februarie *opname***

2 VBO-punte


Islam vandag 3: Wat Christene regtig moet weet




**3 Maart *opname***

2 VBO-punte

Balans in die Bediening met dr Gustav Gous van Work-Life Workshop




**21 April**

5 VBO-punte

'n Pastoraal-holistiese benadering tot kanker



**21 Mei**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heilges: Antonius met Lisel Joubert




**12 Maart**

10 VBO-punte

Vanuit Sistematiese Teologie - *"vir 'n tyd soos hierdie"*




**17-19 Maart**

20 VBO-punte

Kerk en Samelewing Konferensie - *"'n terugblik"*




**25 - 26 Maart**

20 VBO-punte

Aftrede is nie 'n punt nie – dit is 'n komma.


# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Algemene Sinode Moderamen: Oor susterkerke, die skenking aan noodlydendes in Gasa en gesprek met Groote Kerk

*4 Maart 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*




Elders gesien | Sprekers gesoek met oog op Predikante-saamtrek in Augustus: Wil jy deelneem?

*3 Maart 2026*
*Kerkbode*
*Artikels*



Gesprekke oor jeugbediening: Vyf ruimtes, een groot vraag

*26 Februarie 2026*
*Kerkbode*
*Artikels*
*Anriëtte de Ridder*




Jan Lubbe | Uit my kerkdagboek: Het ons geskiedenis ons iets te leer oor moed?

*26 Februarie 2026*
*Kerkbode*
*Op die kerkstoep*
*Jan Lubbe*



"Een van die grootste gevare is dat ons afgestomp raak ..." – Stephan Joubert oor die teologie van verwondering

*25 Februarie 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*
*Heléne Meissenheime*



ASM Februarie 2026: Leiers gee terugvoer van regoor die land – oor sinodesittings, roeping en bek-en-klouseer

*25 Februarie 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*
*Le Roux Schoeman*

Google Play kerkbode.christians.co.za App Store




**R75**

# Sofia en die grot

## *Kyk in die oë van die mense vir wie jy lief is*

Stap in die wonderlike wêreld van "*Sofia en die grot: Kyk in die oë van die mense vir wie jy lief is*"! Hierdie sagteband boek, wat nie net vir kinders is nie, neem jou op 'n reis van selfontdekking en liefde. Ontmoet Sofia die Uil, 'n wyse vriend wat jou help om die geheime van die hart te ontsluit. Ontdek saam met Gawie hoe om uit die donker grot van alleenheid te ontsnap deur na die oë van diegene wat jou liefhet te kyk. Siegfried Louw se hartroerende verhaal is 'n herinnering dat liefde en gemeenskap ons krag gee om te oorwin. Laat "*Sofia en die grot*" jou inspireer om liefdevol en vervullend te leef.




**R75**

# Ben en die drakie

## *Hoe om jou drakie mak te maak*

Stap in die wonderlike wêreld van "*Ben en die drakie: Hoe om jou drakie mak te maak*"! Hierdie boek is nie net vir kinders nie – dit is vir almal wat soms voel soos Ben met sy eie drakie. Ben se storie wys ons dat dit normaal is om angstig te voel, maar ons kan leer hoe om ons drakies mak te maak. Met elke bladsy ontdek jy hoe om jouself te anker en jou drakie 'n plek van rus te gee. Laat Siegfried Louw se hartverwarmende verhaal jou inspireer om jou eie drakie te tem en die volheid van die lewe te omhels.




**R75**

# Die klip in Lisa se borskas

## *Die liefde gaan nooit weg nie*

Ontdek die hartroerende verhaal van "*Die klip in Lisa se borskas: Die liefde gaan nooit weg nie*"! Hierdie boek is nie net vir kinders nie – dit is vir almal wat 'n bietjie liefde en hoop nodig het. Lisa se storie leer ons hoe om verlies te hanteer, om ons emosies te omarm, en om hoop te vind vir die toekoms. Met elke bladsy ontdek jy dat jy nie alleen is nie, en dat liefde altyd sterker is as die donkerste tye. Kom deel in hierdie reis van heling in die wete dat die liefde nooit weggaan nie.

# Faculty of Theology and Religion

## The Department of Practical and Missional Theology

# INVITATION TO PUBLIC LECTURE



## The Sacraments and our knees

**Date:** 23 March 2026

**Time:** 14:15 - 15:30

**Venue:** HMS 10

**Prof Claudio Carvalhaes**
**Union Theological Seminary, USA**

Prof Cláudio Carvalhaes is an earth thinker, theologian, liturgist, performer, artist, and playwright originally from São Paulo, Brazil. He is Professor of Worship at Union Theological Seminary in New York and was promoted to Full Professor in 2023.

In the same year, he received the honorary degree Sacrae Theologiae Doctor from Starr King School for the Ministry, and his play When Wajcha Meets Pachamama won the award for Most Creative Play at the New York Theater Festival.

Carvalhaes is the author of several books, including Liturgies from Below: Prayers from People at the Ends of the World and Inventory, Metamorphoses and Emergenc(i)es: How Do We Become Green People and Earth Communities, reflecting his work at the intersection of worship, ecology, and justice.

Prof Cláudio Carvalhaes
Union Theological Seminary

https://www.ufs.ac.za/theology
laubscherm@ufs.ac.za

*Inspiring excellence, transforming lives through quality, impact, and care.*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

**KALENDER**

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer **hier**

**VAKATURES**

**AFLOS**

kerkbode

## Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

**DAGBOEK**

**VAKATURES**

vakatures@tydskrifte.co.za

**AMPTELIK**

kerkbode@tydskrifte.co.za

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

**BEROEP** | **Prof Juanita Meyer** is op Sondag 22 Februarie 2026 as Tentmaker-diensleraar beroep na die NG Gemeente Waterbron.

**AANVAAR** | **Dr Juppi Steurer** van die NG Gemeente Sasolburg-Fontein het die beroep na Grimbeekpark Potchefstroom aanvaar. Sy diens-beëindiging was op 28 Februarie 2026.

**AFTREDE** | Die Kerkraad van NG Gemeente Ladybrand het tydens sy vergadering op 24 Februarie 2026 besluit om 'n kontrak aan **dr Danie Kleynhans** toe te ken wat strek tot en met 31 Januarie 2027. Hy sal dus nie op hierdie stadium aftree nie.




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# ’N LAASTE GEDAGTE



***Foto:*** *Heléne Meissenheimer (verskaf)*

ALGEMEEN
Uitvoerende joernalis by Kerkbode
*Heléne Meissenheimer*

## My bekering tot genade

Ek sit onlangs in ’n vliegtuig en lees hoe dr Stephan Joubert in een van sy boeke* vertel van wat hy sy “tweede bekering” noem. Hy sê dit was sy tweede weergeboorte. Dit gryp my aan want ek herken iets van my eie geloofstorie daarin.

My ma was een van die tannies in die kerk wat Kinderkransgroepies gelei het. Dit was in die 70’s en vroeë 80’s. My ma en nog ’n tannie het in ons straat sulke groepies in hulle huise aangebied waar hulle vir ons stories uit die Bybel vertel het.

Dit was ná een so ’n middag wat ek die aand vir my ma gesê het ek wil my hart vir Jesus gee. Ek dink ek was nege of tien. Sy het toe saam met my gebid. Sover ek kan onthou het ek nie juis anders gevoel daarna nie.

My ma het my geleer dit is vir my geestelike groei belangrik om elke aand te bid en Bybel te lees voor ek gaan slaap. Op Sondae was daar ’n hele lys goed wat mens moes doen, soos mooi aantrek, kerk toe gaan vir diens en Sondagskool, later ook CSV en KJA bywoon. Daar was ook goed om te vermy soos sekere musiek, boeke en TV-programme wat jou gedagtes kan besoedel. (Soos ek ouer raak, besef ek haar bedoeling was opreg en kom natuurlik agter dat dit heilsaam is om bewus te wees watter invloed dit waaraan jy jou blootstel, op jou gemoed het. Ek hou my daarom by tye met intensie skaars in toksiese gesprekke op sosiale media, maar dis ’n tema vir ’n ander dag.)

As tiener het ek gedurig skuldig gevoel want ek het gedink ek haal nie die paal as gelowige nie. Ek was ’n CSV-kringleier in matriek, maar ek het gevoel soos ’n ‘fake’.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2026 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG Kerk
Vrystaat

**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2026**

Departement
*KOMMUNIKASIE EN BEMARKING*